MEDIAMEDEDELING

Die Nuwe Trefferalbum
SELBCD 510
2004

2004 het vir Laurika Rauch drie hoogtepunte gebring: sy het haar eerste 25 jaar in die SA musiekbedryf vroëer vanjaar met 'n splinternuwe album ***My Ou Tante Koba*** gevier en die kykNET-reeks ***Kom Laat Ons Sing – 'n Musikale Reis van Laurika Rauch*** is nou op DVD beskikbaar.

In haar 26e jaar as deurwinterde sangeres bied sy musiekliefhebbbers nóg 'n trefferalbum: ***Die Nuwe Trefferalbum***. Hoekom? Want sy kán! "Baie van die liedjies word nog gereeld oor die radio gespeel en is in aanvraag by my optredes, maar is nêrens meer in die handel op CD beskikbaar nie.

Vyf jaar het verloop sedert die uitreiking van haar derde versameltreffers-album ***19 Treffers van 21 Jaar*** in 1999. Tot op hede het daar reeds amper 'n dubbel platinum – hoeveelheid van hierdie Cd verkoop. Op ***Die Nuwe Trefferalbum*** is die gunstelinge wat die mense by haar optredes aanvra – en sluit Christopher Torr se skepping **Die Mense Op Die Bus**, die treffende temalied van die TV-reeks ***Iemand Om Lief Te Hê*** (1999) in.

As 'n bonus, bevat die album ook 'n splinternuwe liedjie, **Dis Die Storie Van My Hart**, 'n komposisie van Etienne Steyn, wat óók bestem is om trefferstatus te bereik.

Sewentigerjare

Van Laurika se debuutalbum ***Debuut*** in 1979 kom: **Aa-Aai** en **Straattroebadoere** (Anton Goosen) en **Die Mense Wat Ek Lief Het** (Stephan Bouwer en Anton Goosen).

Tagtigerjare

Uit die tagtigerjare was die keuses: **Nalekokers** (1980: Laurika se toonsetting van Boerneef se gedig van haar album ***'n Jaar In My Lewe***), David Kramer se komposisie **Alleen** (1981: van ***Vir Jou***), Johan Wessels se komposisies **Ou Swart Kitaar** en **Lied van die Natuur** (1983: van ***Jy Is Te Dierbaar***) en Laurika se toonsetting van Alet Engelbrecht se vers **Kom Sny Die Papaja** (1988: ***Encore! Laurika***.) Ook met die vokale Jacques Brel-kragtoer **Marieke** - van die 1985-album ***Laurika op Versoek***; met klavierbegeleiding deur Wessel van Wyk.

Negentigerjare

Een van Laurika se gunstelingliedjies is Laurinda Hofmeyr se toonsetting van Ingrid Jonker se gedig **Kabouterliefde**, versamel van die 1995-album ***Hot Gates***.

Lucas Maree se komposisie **Stoomtrein** is, danksy baie speellugtyd op RSG 'n reuse treffer - én in aanvraag.

Van haar 1997-album ***The Brel Album*** bied Laurika nóg 'n juweel: **Song Of The Old Lovers**, haar persoonlike Brel-gunsteling. Dié liedjie was natuurlik ook 'n treffer in Nederlands (vir

onder andere Herman van Veen en Dana Winner as **Ik Houw Van Jou**) en in Afrikaans as **Liefde Van Later** (vir onder andere Jannie du Toit en Coenie de Villiers).

Valiant Swart het die aangrypende **Sonvanger** met Laurika in gedagte geskryf. Dit was 'n ook 'n treffer vir Theuns Jordaan en sedert Laurika se 1999-album ***Die Mense Op Die Bus*** 'n gunsteling by gehore.

Millenniumtreffers

Uit 2000 bied Laurika hier drie klassieke komposisies van haar album ***Hei Mevrou Brown (Dit Gaan Goed):*** Lize Beekman se komposisie **'n Sonneblom Uit Bethlehem** en Christopher Torr se **Kom Laat Ons Sing 1 & 2**. Uit 2002 word die titelsnit van haar album ***Vier Seisoene Kind*** ('n komposisie van Gian Groen) versamel. 'n Videoweergawe daarvan is ook op Laurika se jongste ateljee-album van April 2004 ***My Ou Tante Koba*** ingesluit.

Laurika Rauch se ***Die Nuwe Trefferalbum*** is 'n blink toonvenster van haar bekroonde loopbaan wat al verby 25 jaar strek. Geniet die musikale reis en sien uit na 'n musikale herontmoeting.

Laurika – 26 jaar

Laurika Rauch se loopbaan strek oor 26 jaar: met 18 albums, vyf goue en twee platinumalbums en talle toekennings - onder meer SABC2 se *Geraas*musiektoekenning vir lewenslange diens aan Afrikaanse musiek.

As sangeres, aktrise, kabaretster, komponis, musiekproduksie- en vokale regisseur, lektor in sang en drama, bladmusiekuitgewer en TV-aanbieder druk sy haar professionele stempel af op álles wat sy aanpak.

Sy het daarin geslaag om deur die luisterliedjie-era van die sewentigerjare tot nou met elke dekadewisseling puik treffers op te lewer – van *Kinders Van Die Wind, Vergeet Om Te Vergeet/ Onthou Om My Te Onthou, Jy Is Te Dierbaar, Op Blouberg Se Strand, Ek Het 'n Huisie By Die See, Die Gang, Hot Gates* en *Stuur Groete Aan Mannetjies Roux* tot *Die mense op die bus, Vier Seisoene kind* en die onlangse treffer *My Ou Tante Koba*, van haar album met dieselfde titel. Op ***Die Nuwe Trefferalbum*** is daar nóg baie meer.